Is ons liefde volmaak?

Teks: 1 Johannes 4: 7 - 21 & Sondag 2
Teksvers: 1 Johannes 4:21

1. Inleiding

Liefde, die onderwerp van liedjies, gedigte, films en tv reekse. Dit waarna baie mense soek. Dit wat op ’n manier deur ons almal ook ervaar wil word. En ook die onderwerp van Sondag 2 van die Heidelbergse kategismus. Of nee, eintlik is die onderwerp van Sondag 2 die verdorwenheid van die mens. Dit is eintlik juis die afwesigheid van ware liefde in die mens wat die probleem in vraag 4, 5 en 6 vir ons skep.

Maar waar pas liefde dan nou eintlik in, in Godsdiens. Godsdiens wat juis sommer maklik deur ’n atïestiese wêreld gesien word as die bron en oorsprong van baie haat. As dit wat skeiding en uitsluiting by mense bring. Miskien sal dit dalk juis die inronie in vandag se boodskap. Die mens kan net gered word op grond van volmaakte liefde. Want enige iets minder as dit, is sonde en sal veroordeel word tot die dood.

Tog suig ons nie maar hierdie idee uit ons duim nie. Nee, ons teksgedeelte uit 1 Johannes 4 werp vir ons baie lig op hierdie onderwerp. Want as ’n mens sommer in die Nuwe Vertaling die woord liefde tel in hierdie 9 verse, is dit duidelik dat die 16 keer voorkom.

Maar wat van liefde moes die Apostel Johannes aan die eerste eeuse kerk meedeel. Veral waar hulle deur ’n groep wat weggeskeur het bedreig word. Waar hulle oortuigings en selfs geloof vastheid aangeval word. Kom ons leer van die liefde, en die oorsprong daarvan by die Skepper. Sodat ons op die einde ook die vraag in ons tema kan antwoord vandag. Is ons liefde volmaak?

2. Nie so natuurlik nie

’n Verkeerde opvatting wat die wêreld dikwels hou is dat liefde inherent in alle persone is. Dat ’n persoon van nature wil liefhê, maar is dit waar? As ons regtig eerlik wil wees is daar net een liefde wat vir ’n persoon natuurlik kom. En dit is die liefde vir myself. Dit is waarmee die Satan van ouds die mens in Genesis 3 verlei. Daardie voordeel wat daarin sal lê om die verbode vrugte te eet. Die voordeel om soos God te wees is duidelik baie meer ’n persoonlike voordeel as ’n gemeenskaplike voordeel.

Ons weet daarna het dit eintlik net nog meer afdraande gegaan. Sodat die Here op ’n stadium uitdruklik die wet in die vorm van die 10 gebooie aan die mens mos gee, soos ons dit goed ken in Eksodus 20. Ons weet dat dit eintlik ook hierdie wet is wat opgesom word deur Christus in Matteus 22:37-40 soos onderstreep deur vraag 4. Christus het nodig om die verhouding tussen selfliefde en die twee groot gebooie duidelik te maak. Jy mag jouself nie meer liefhê as wat jy die Here of jou naaste het nie.

Christus het immers ook die versoeking om homself bo ander lief te hê ervaar. Regdeur Sy aardse lewe het dit na vore gekom in die versoeking in die woestyn. En uiteindelik ook in die gebed in Getsemane. Maar dit is juis hierin wat ons ook leer hoe volmaakte liefde lyk. Dit word opgesom in die woorde: “Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!”

Tog is dit juis hieroor wat die boodskap van Sondag 2 van die kategismus geleë is. Dit is net so volmaakte liefde wat werklik kan red. En as ons werklik eerlik is met mekaar word so ’n volmaakte liefde nie natuurlik in die mens gevind nie. Nee, daar is eerder iets van ’n

natuurlike haat te bespeur in die mens, soos wat vraag 5 van Sondag 2 beskryf: “Nee, want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.”

3. Gekoppel aan mekaar

Dit word universeel aanvaar dat liefde ’n saak of ’n gesindheid van die binneste of dan die hart is. Maar hoe sal ’n mens die hart of binneste van ’n ander kan ken. In ons teksgedeelte word ’n duidelike verhouding aangedui. Dit word duidelik in ons teksvers saamgevat dat Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê. Dus is daar ’n duidelike prakties meetbare maatstaf van die liefde in ’n persoon.

In die gemeenskap waaraan Johannes skryf was daar juis ’n wegbreek groepering. Hulle het afgesonder van die res hulle geloof begin uitleef. Ons ken dit vandag nog. Baie mense sê dat hulle geloof, of liefde tot God is ’n persoonlike saak wat niks met iemand anders te doen het nie. Hulle roem daarop dat hulle ook hulle geloof eenkant sonder die kerk en gemeenskap van gelowiges kan uitleef. Maar as ons mooi luister na ons teksvers is dit eenvoudig nie moontlik nie. As daar nie liefde vir ’n naaste is nie, is daar nie liefde vir God nie.

Maar hoe meet ons hierdie liefde. ’n Meetbare maatstaf is dade of optrede van ’n persoon. Christus is vir ons hierin die perfekte voorbeeld. Hy het Sy lewe afgelê vir ons Sy broers en susters. Daarom wanneer ’n persoon ’n suiwer selfgesentreerde ingesteldheid tot die lewe het. Moet ons in liefde ook hierdie ongemaklike vrae aan hom of haar vra. Uiteindelik som ons as kerk dit op in die nagmaalsformulier in die woorde: “Want niemand wat liefdeloos en aanstootlik lewe, het deel aan die ryk van Christus nie.”

Vers 20 uit ons teksgedeelte maak dit eintlik baie duidelik vir ons: “[20]As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy ’n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.

4. Genadiglik aan ons gegee

Die laaste saak waarby ons stilstaan is die oorsprong van die liefde. Die verkeerde opvatting is dat liefde ’n vaardigheid is wat jy kan verwerf. As jy net genoeg werk daaraan kan dit in plek kom, word verkeerdelik geglo. Dan is daar ’n opvatting wat al bietjie nader aan die eintlike waarheid beweeg. Dat liefde magies van iewers ekstern ontvang word. Maar eintlik word die waarheid in ons teksgedeelte geopenbaar.

In vers 10 lees ons: “ [10]Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.” Ware liefde begin dus nooit by die mens nie. Dit is nie eenvoudig iets wat jy kan verwerf of bekom met inspanning nie. Ware liefde begin by die Skepper en onderhouer van die heelal. Dan loop dit deur na die kruis op Golgota, verder tot by my en jou vandag. En uiteindelik tot aan die einde met die Wederkoms van Christus.

Daarom is liefde ook soveel meer as ’n emosionele gevoel. Dit is ’n krag wat dinge in beweging plaas. Wat ’n behoefte na die eer en verheerliking van die Here skep. En wat my uiteindelik ook bring tot aktiewe omgee en ondersteuning van my naaste. Ware liefde word geken deur optrede, soos wat Christus ook gedoen het. Maar ook in nederigheid moet ons bely dat dit genadiglik aan ons gegee is. dat die nie iets is wat ons verwerf het of verdien het nie.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur die vraag in ons tema te antwoord. Is my liefde volmaak? Wel nee. Dit is juis die waarheid wat Sondag 2 by ons wil tuisbring. Ons liefde uit onsself, uit ons nature is nie op standaard nie. Dit is nie goed genoeg om op grond daarvan gered te word nie. Maar is sulke slegte nuus dan nie ontstellend nie? Veral uit die boek van Troos, die kategismus self?

Die antwoord hierdie is tweërlei. Eerstens is dit belangrik om te sien dat ons hier maar selgs op Sondag 2 van die kategismus fokus. Om werklik die omvang en troos te ervaar moet die kategismus eintlik in sy geheel bestudeer te word. Want Sondag 2 het die plek om ons juis bewus te maak van ons verlorenheid. Terwyl die kategismus dan verder die verlossing en redding uit hierdie verlorenheid aanspreek.

Tweedens dit wat eintlik hierby dan aansluit. In ons teksgedeelte is daar die duidelike verdrywing van vrees. Dit geskeid deur die volmaakte liefde, wat ons reeds geleer het, is dit wat God aan ons bewys het. Ons weet volgens vers 10 dat hierdie liefde behels die volmaakte offer van Sy enigebore Seun vir ons sondes. En dit is juis daarom dat volmaakte liefde vrees verdryf. Want wanneer ons gered is in die sterwe en opstanding van die Here Jesus Christus, is daar mos niks meer om te vrees nie. Selfs die dood as straf op die sonde is oorwin. Daar is letterlik niks wat oorbly, wat tot vrees van die Ware gelowige kan wees nie. Dit is dan ook wat stukkie vir stukkie uitgepak word in die volgende Sondags afdelings, wat ons voortan sal bestudeer.

Daarom om mee af te sluit, is ons liefde volmaak, Nee maar dit is nog nie die einde van die saak nie.

Amen